18 Augustus 2023 - Lesing 103 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Oorwinning van die kloof in die hiernamaals: JaHshua Messias – 22/2/59

**No: 7290** 'n Diep kloof bestaan in die geestelike wêreld tussen diegene wat tydens hul lewe op aarde hulle afstand vêr van My gehou het en diegene wat die weg na My gevind het **en wat die geestelike ryk met 'n liggewaad kon ingaan**. Hierdie kan wel die eersgenoemdes sien en hul ellendige toestand oorsien, maar hulle (die eersgenoemdes) vertoef in 'n gebied waar hulle **niks anders kan sien as hulself of gelykgesinde geestelike wesens**, met wie hulle in **onvrede en stryd** onder mekaar hul bestaan vergiftig en **geen geluksaligheid** kan voel nie.

Hierdie siele sal ook nooit hul liewe vriende wat voor hulle gegaan het, weer sien nie, wanneer hulle al in 'n hoër graad van rypheid gesterf het. Veel eerder moet hulle eers 'n **bepaalde graad bereik** voordat daar 'n gelukkige weersiens kan plaasvind.

Daar is dus **twee wêrelde** wat deur siele bewoon word, ofskoon dit één geestelike ryk is wat alle siele betree na die van hulle liggaam.

Dit is twee wêrelde wat baie ver uitmekaar lê, wat nie ruimtelik verstaan moet word nie, **maar alleen in die gesteldheid van elke afsonderlike wêreld**.

Daar is 'n **groot kloof** en tog moet hierdie kloof eenmaal oorbrug word. Weer en weer moet wesens uit die ligryk afdaal, sonder om herken te word en probeer om hul reddingswerk uit te voer, wat daaruit bestaan dat hulle tog aangespoor moet word om hulleself uit hul omgewing los te maak **en in vrye wil die ligwesens te volg.**

Dit wil sê: Hulle moet die siele in die duisternis **tyding bring van die goddelike Verlosser JaHshua Messias** en Sy groot daad van erbarming, wat ook vir hierdie siele volbring is indien hulle dit self wil. Dan eers sal die kloof kleiner word tussen hulle en My, **tussen die ryk van die duisternis en die ryk van die lig.**

***Lukas 16:22*** *En toe die bedelaar sterf, is hy deur die Boodskappers weggedra na die boesem van Abraham.*

*23 En die ryk man het ook gesterwe en is begrawe. En toe hy **in die Doderyk/Sheol** sy oë ophef, terwyl hy in smarte was, sien hy Abraham van ver af en El-Azar aan sy boesem. [Boekrol van Henog 39:5]*

*24 En hy roep en sê: Vader Abraham, wees my barmhartig en stuur El-Azar, dat hy die punt van sy vinger in water kan insteek en my tong verkoel; want **ek ly smarte** in hierdie vlam.*

*25 Maar Abraham antwoord: Kind, onthou dat jy jou goeie dinge in jou lewe ontvang het, en so ook El-Azar die slegte. En nou word hy getroos, maar jy ly smarte.*

*26 En by dit alles is daar **tussen ons en julle 'n groot Afgrond gevestig,** sodat die wat hiervandaan wil oorgaan na julle, nie kan nie; en die wat dáár is, nie na ons kan oorkom nie. [Boekrol van Henog 22:9]*

Dan eers betree die siel die weg wat vanuit die diepte omhoog lei. En dan eers sal die genade van die verlossingsdaad werksaam word en sal hulle geleidelik ook lei tot **'n toestand van rypheid, waar hulle nou self verlossingswerk kan en wil verrig**, omdat hulle hul verpligting om dank te betuig, sou wil aflos, wat hul self aanspoor tot hulpvaardigheid aan die ongelukkige wesens wat nog in die diepte vertoef. Die kloof moet oorwin word en **daar is één brug: JaHshua Messias, die Goddelike Verlosser**.

Wie die weg na Hom inslaan, neem die weg ook na My, hoewel hy My op die aarde nie wou erken nie of nog op 'n groot afstand van My gestaan het. **Slegs deur JaHshua Messias kan Hy terugkeer na My**. En daarom is Hy die brug wat uit die duister gebied na die ryk van lig voer.

En daaraan sou alle mense moet dink wat op aarde wel meen dat hulle met MY in verbinding staan en wat **nog nie die regte ingesteldheid teenoor JaHshua Messias gevind het nie**, wat hulself in naam Christene noem en in werklikheid geen innige band met My in JaHshua Messias tot stand gebring het nie. Die wat self nog geen beroep gedoen het op die genade van die verlossingswerk nie en daarom **nie kan praat van 'n verlossing vanuit hul oerskuld nie.**

Hulle sal eweneens voor 'n diep kloof te staan kom, wanneer hulle in die ryk hierna sal aankom. Want hulle moet Hom eers soek en vind, die goddelike Verlosser, sodat Hy hulle ook vry kan maak van hul skuld. Want hulle belydenis op aarde het maar net met die mond geskied, terwyl die hart nie daarby betrokke was nie. **Maar Ek kyk in die hart**. En al spreek die mond hoe hard en dikwels My Naam uit, laat Ek My nie daardeur mislei nie en **kan die siel nie daarheen verplaas word waar sy in werklikheid nie tuishoort nie.**

Sy sal die groot kloof voor haar sien wanneer sy aan die ander kant kom, in die geestelike ryk. Of ook: Sy sal **niks sien behalwe wat haar aardsgesinde sintuie vir haar weerspieël nie**. En dit sal tot in haar voordeel wees wanneer sy spoedig in staat raak om haarself los te maak en haarself nie te verset teen die waarskuwings van die helpers nie, sodat die goddelike Verlosser, as enigste Redder uit haar situasie, **daar so spoedig moontlik aan haar bekend gemaak kan word**.

**Die brug moet geslaan word**. Die siel moet via JaHshua Messias die weg neem na My. En sy sal sekerlik deur Hom binnegelei word **deur die poort na die ligryk,** wanneer sy maar eers die wye kloof oorbrug het. Wanneer haar wil haar na JaHshua Messias toe sal dryf en sy nou verlossing begeer en sal vind deur Hom. Dan het sy ook die weg na die Vader geneem.

Ek sal haar opneem in My ryk van lig en geluksaligheid. Amein.